

WAT IS DIE **WERKLIKE**
PRYS VAN GELOOF?

Die Prys

DIE JEUGTYDSKRIF VAN
GEOPENDE DEURE SUIDER-AFRIKA

Winter Uitgawe 2018

- Redaksioneel: Moenie opgee nie – hou net aan
- In Geskiedenis van geweld
- Fokus op Noord-Korea
- Waar 'n tatoe jou lewe kan kos

Geopende **Deure**
JEUG



WWW.OPENDOORS.ORG.ZA



OPEN DOORS SOUTH AFRICA



YOUTHSA@OD.ORG



*Moenie opgee nie
– hou net aan!*

Dit is maklik om op te gee, maar om aan te hou, nou dít is moeilik. Terwyl jy deur hierdie uitgawe van *Die Prys* lees, sal jy hierdie tema optel. Of dit vervolging van die Vroeë Kerk is, of om h geheime Christen in Noord-Korea te wees, of waar jou tatoe jou lewe kan kos... om te kies om aan te hou in jou geloofsreis is nie altyd maklik nie. Maar dit is méér as die moeite werd.

In die Nuwe Testament, sê Jakobus dat ons *“baie bly moet wees wanneer allerlei beproewings oor ons kom...”* (Jakobus 1:2). Hy gaan verder met sy gedagte, en sê dat ons beproewings volharding kweek en dat volharding ons help om in ons geloof te groei en volwasse te word. Om aan te hou, is ’n teken van volwassenheid; dit is ’n teken dat ons diep binne weet dat God goed is, selfs al is dit wat ons nou ervaar, nie goed nie. Dit wys dat ons begin het om te begryp hoe lief God ons het, en dan begin ons om ons uitkyk op die wêreld vanaf daardie perspektief te neem. En wanneer ons dit doen, sien ons dat sy liefde meer as genoeg is om ons daardeur te kry.

Die mense wie jy in hierdie nuusbrief sal ontmoet en van sal lees, het gekies om aan te hou, ongeag wat. Maar, daar is miljoene reg om die wêreld, wat dieselfde doen en aan Jesus vasklou—ten spyte van die vrees van arrestasie, gevangenskap, bespottings, loesings en selfs dood.

Soos ons meer van hulle leer en kies om saam met hulle te staan, kom ons bid dat hulle ons ook sal inspireer om aan te hou, ongeag wat ons in die gesig staar!

Lekker lees en laat weet ons deur epos wat jy van ons nuusbrief dink!

Tot volgende keer,

Natasja B

Geopende Deure Jeugkoördineerder



**Blackout
is oppad**

Sal jy minstens 24-uur kan gaan sonder *Instagram*, *Facebook* of *Twitter*? As jy kans sien vir die uitdaging, wil ons jou nooi om deel te wees van ons jaarlikse digitale vas van die web: BLACKOUT. Die idee is om geborg te word om van sosiale netwerke af te skakel, om deur ons digitale stilte en afwesigheid op die web, h reuse geraas vir vervolgte Christene te maak en vir hulle te bid.

'n GESKIEDENIS VAN GEWELD



Sedert die Vroeë Kerk, het dié wat gekies het om Jesus te volg, gely vir hulle keuse. Dit is soms moeilik om te glo dat die Kerk al byna twee duisend jaar van loesings, mishandeling, bespotting en sosiale skande verduur het.

Maar aan die ander kant, met h geskiedenis soos ons s'n, is dit miskien iets waaroor ons nie so verras moet wees nie. Dink maar net daaroor... Jesus, h onskuldige man, het na die aarde gekom om ons vryheid te koop. As gevolg is Hy vermoor deur die wat Hom as h bedreiging tot hulle mag en teologiese insigte gesien het. Jesus se dood was brutaal. Duisend jare later, verdeel Sy boodskap van eenheid die wêreld. Dit bring vrees onder politiese magte en gelowe, en sedertdien is daar h genadelose, onkeerbare vloed van mishandeling van Christusvolgelingen. Alles net omdat hulle Jesus volg en Sy boodskap van eenheid uitdra, wat h bedreiging vir hedendaagse magsbasisse en wêreldbeskouings inhou.

(vervolg op bladsy 3)



**HIER IS VAN DIE
LAAGTEPUNTE****AD
30-33**

Jesus word gekruisig.

**AD
33**Stefanus word gestenig
(Hand. 7).**AD
67-68**Paulus en Petrus word dood-
gemartel onder die heerskappy
van die Romeinse Keiser Nero.**AD
150**Die vervolging in Lyons dui
op 'n wyer tendens, met
bendegeweld, aanvalle,
roof en steniging gemik op
Christene.**AD
173**en verder: Keiser Maximinus
Thrax teiken Christenleiers
regoor die keiserryk.**AD
284**en verder: Keiser Diocletian
begin die "Groot Vervolging"
waar tot 20,000 Christene glo
vermoor is.**AD
341**Zoroastrian Shapur II beveel die
massamoord op alle Christene in
die Persiese Sassanis Keiserryk,
wat in effek 1,150 Assiriese
Christene tot dood veroordeel.**AD
614**In die Joodse/Persiese oorlog
word ongeveer 60,000 Christene in
Jerusalem en regoor die keiserryk
vermoor, toe Christene tussen
verskeie kante vasgevang is.

Ongeveer 1,500 jaar later, en die laaste eeu was duidelik nie veel meer vreedsaam nie. Vervolging van Christene neem al hoe meer toe, soveel so dat dit Broer Andrew gedryf het om God se roeping te antwoord en die werk van Geopende Deure te begin.

NOU... word daar na raming duisende Christene elke jaar vermoor vir hulle geloof in Jesus. Meer as 10% van die wêreld se Christene woon in plekke waar hulle, uit vrees vir straf, nie ten volle hulle geloof kan beoefen nie. Dit is duidelik waarom Christene as die mees vervolgte groep op aarde gesien word.* Maar ten spyte hiervan, gaan hulle voort en hou hulle aan groei!

BID

Gaan na www.opendoors.org.za/afr of volg ons op *Facebook, Twitter of Instagram* om stories te lees en gereelde inligting te kry wat jou gebede sal aanvuur.

FOKUS OP

NOORD-KOREA

Noord-Korea is weer bo aan die Wêreldwaarne-mingslys, vir die 17^{de} agtereenvolgende jaar, wat dit die nommer een land maak waar Christene vervolging ervaar. As jy van die verkeerde sosiale klas is, die verkeerde ding glo of sê, of net uit jou spoor trap, is dit h afgryselike plek om in te leef.

Die land is hoofsaaklik gesluit vir die res van die wêreld. Binne die land, is die groot meerderheid mense nie veronderstel om die land te verlaat nie. Hulle word aangesê deur staatsbeheerde media, onderriginstellings en jare se tradisies om die regerende Kim-familie soos gode lief te hê.

Dit plaas Christene in h gevaarlike posisie. Indien jy as Christen geïdentifiseer word, sal jy nie net ondervra word om sodoende jou netwerke te ontbloot nie, maar jou familie sal ook gearrester word onder die 'skuld-deur-assosiasie' beginsel, en almal sal jare van ellende in arbeidskampe in die gesig staar. Van h beraamde 300,000-400,000 Christene in Noord-Korea, is tot en met 70,000 opgesluit in hierdie kampe, wat Noord-Korea die bestaan van ontken. Die toestande is verskriklik. Baie verhonger of sterf van uitputting.

Daarom hou Christene, hulle geloof h geheim en betoon God se liefde deur opofferende daade van goedheid, soos om die bietjie kos wat hulle het, te deel met dié in nood. Dit is amper onmoontlik om openlik oor Jesus te praat, maar baie dapper volgelinge van Jesus deel stilweg, in die geheim en op wonderbaarlike maniere hulle geloof!

(vervolg op bladsy 5)



VINNIGE FEITE

Kerkbyeenkomste bestaan soms net uit drie mense, wat saggies psalms sing en gebede en Bybelverse fluister.

Daar is baie min Christene onder die ouderdom van 18. Ouers is bekommerd dat hulle kinders moontlik oor Jesus sal praat en dat hulle deur die polisie gerapporteer sal word, daarom hou hulle hul geloof h geheim van hulle kinders.

Die Kerk in naburige China is h reddingslyn vir Noord-Koreaanse Christene. Kerke in dorpe naby die grens bedryf skuilhuise vir die wat ontsnap. Hulle stuur ook kos, hulpbronne en Bybels, en bied opleiding vir bekeerlinge wat moontlik toekomstige kerkleiers kan word.

HEE YOUNG SE STORIE

Hee Young* se Christenouers het haar as 'n kind sekere stories van Jesus vertel. Haar ouers was deel van 'n ondergrondse Christen-netwerk, Hee Young en haar sussie sou waghou terwyl haar ouers geheime aanbiddingsdienste in hulle huis gehou het. Maar die owerhede het agterdogtig geraak en 'n klopjag op een van hulle dienste uitgevoer. Die polisie het een van hulle geheime Bybels gevind, en Hee Young se pa gearrester—wie sy nooit weer gesien het nie.

Haar hele familie is ondervra, maar almal van hulle het gesê dat hulle niks van die Bybel weet nie. As voorsorg, terwyl hulle gewag het om gearrester te word, het hulle al hulle kopieë van die Bybel wat hulle besit het verbrand. Wonderbaarlik, in plaas daarvan om gearrester te word, is hulle na 'n kleiner dorpie en huis verplaas. Hulle het oorleef!

“EK HET BESEF DAT GOD VIR ONS HIERDIE PLEK GEREED GEMAAK HET. HY HET BOOSHEID IN GOEDHEID VERANDER, NET SOOS IN DIE STORIE VAN JOSEF,” HET HEE YOUNG GESÊ.

Die lewe was nie maklik nie. Spioene was orals en hulle huis is afgeluister. Hulle het geen Bybel gehad nie, maar Hee Young se sussie het die verse wat sy kon onthou neergeskryf en in die woud weggesteek. As dinge regtig moeilik geraak het, het hulle vir bemoediging, die verse wat hulle weggesteek het gaan opgrawe.

Een dag het 'n man, elke dag vir 'n week, aan hulle deur geklop. Die familie was bekommerd dat hy 'n spioen was, maar hy was nie. Hy is deur 'n Chinese pastoor gestuur wat Hee Young se ouma geken het. Hy het gehoor wat met hulle gebeur het en wou help. So, met haar ma se goedkeuring, is Hee Young uit Noord-Korea in China ingesmokkel, waar sy toe na Suid-Korea gereis het. Wonderbaarlik, na vyf jaar, is sy met die res van haar familie herenig, wat ook na Suid-Korea ontsnap het.


Hee Young is nou met 'n pastoor getroud en het drie kinders. Haar familie hou aan bid dat hulle eendag sal kan terugkeer na hulle tuisland en die boodskap van Jesus, openlik en sonder vrees, sal kan deel.

GEBED

Vader, U is God. Niemand is soos U. Geen leier. Geen nasie. U is groter, sterker en magtiger. Maak met Noord-Korea soos U goeddink. Bring 'n einde aan die boosheid. Bring hoop en liefde. Heilige Gees, versterk daardie 400,000 geheime Christene. Gee aan hulle maniere om meer van U te leer. Voorsien Bybels en materiaal. Gee aan hulle waagmoed. Laat hulle aksies, almal wat hulle teëkom, na U lei. Help hulle om aan U vas te klou deur beproewings en pyn. En help my om my vryheid te gebruik om voorspraak te maak vir U kinders. Amen.



Waar 'n tatoe jou lewe kan kos



Christene in Egipte kry baie keer 'n tatoe van 'n kruis op hulle gewrigte om hulle geloof te vier. Dit is 'n tipe tradisie—waar hulle dikwels die Koptiese weergawe van die kruis gebruik, wat vier gelyke kante het.

Maar om 'n kruis te dra, is nie sonder risiko's nie. Net onlangs, is 27-jarige Bassem vermoor oor 'n kruistatoe op sy gewrig. Sy moordenaars het gedreig om hulle misdaad te herhaal en meer Christene te vermoor.

Die moord op Bassem is 'n uiterste voorbeeld van wat Christene in Egipte elke dag in die gesig staar—vervolging en teistering oor hulle geloof in Jesus. Ten spyte hiervan, steek hulle nie hulle kruistatoes weg nie.

Hieronder deel drie Christene oor hulle liefde vir die kruis en wat hulle tatoes vir hulle beteken:



“Die kruistatoe help my om weg te beweeg wanneer ek met enige bose dinge wil begin. Wanneer ek na die kruis op my hand kyk dan onthou ek die kruisiging van Christus en die prys wat Hy vir my saligheid verduur het. Dit gee aan my die krag om enige duiwelse gedagtes of sondes te oorkom. Die kruis beskerm my van alle boosheid.

“Ek gaan altyd na die huise van ons kliënte om hulle wasmasjiene en yskaste te herstel. Sommige van die Moslemkliënte laat my nie toe om hulle huise binne te kom as hulle die kruistatoe op my hand sien nie. Dit is nie vir ons vreemd nie; ons word dikwels gehaat en vervolg oor ons geloof.”

(vervolg op bladsy 7)



Warda (18)

"Ek is baie trots op my kruistatoe. Die tatoe wys aan ander dat ek 'n Christen is, en ek hou daarvan. Ek wil hê dat alle mense moet weet dat ek 'n Christen is. Die Here is goed, Hy is ons bron van krag en beskerming. Ek vertrou Hom so baie.

"Ek is nie bang vir vervolging nie. Die enigste een wie ek vrees is God. Soos die Bybel sê: 'Moenie bang wees vir dié wat die liggaam doodmaak, maar die siel nie kan doodmaak nie. Nee, vrees Hom eerder wat sowel die liggaam as die siel in die hel kan laat vergaan.' (Matteus 10:28)"

"Ek is nie bang oor die kruis op my hand nie. Die kruis is my lewe, ek kan nie daarsonder leef nie. Mag ek nooit roem oor enige iets behalwe in die kruis van ons Here Jesus Christus nie. Die kruis op my hand wys aan alle mense dat ek 'n Christen is. Ek is trots op my geloof."



Essam (15)



Vervolging teenoor Christene in Egipte is aan die toeneem. Egipte is nommer 17 op die 2018 Wêreldwaarnemingslys, en 128 Christene is verlede jaar in Egipte vir hulle geloof vermoor.

Egiptiese Christene verduur gewelddadige aanvalle van Islamitiese ekstremiste, diskriminasie deur die Islamitiese samelewing, diefstal van hulle grond en verhoeding om hulle eie grond te besit, en onderdrukkende en diskriminerende wette wat deur

die staat gestel word.

Staan saam met jou familie in Egipte...

BID

Prys God vir die getroue en dapper getuies van Egiptiese Christene. Bid dat God sal aanhou om deur hulle te werk as Sy ambassadeurs, vir beskerming oor hulle, en voorsiening vir Christene wat grond, werk en toegang tot onderrig geweier word oor hulle geloof in Jesus.

